Heilbron Herald
If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.
WEEK 5 Deel 110
VRYDAG - 8 FEBRUARIE 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Ngwathe Ouditeursverslag is verdoemend

"Die verslae van die Ouditeur-Generaal (OG) ten aansien van Ngwathe Munisipaliteit se finansies en prestasie vir die 2017/2018 finansiële jaar lees soos rillers" sê VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe, 'n Heilbronse prokureur. Die verslae is deur Burgemeester Joey Mochela ter tafel gelê by 'n spesiale raadsvergadering op 31 Januarie 2019.

Die munisipaliteit is volgens sy finansiële state totaal bankrot met laste wat sy batewaarde met R354 miljoen oorskry. Die jaar toon 'n verlies van R188 miljoen. Uitstaande krediteure beloop reeds meer as R1 miljard. "Wat weereens veral kommer wek is die OG se reeks bevindings dat amptenary wetlike prosesse nie nakom nie en dat daar op talle terreine nie behoorlike stelsels in plek is om monitering te kan doen nie" sê Raadslid van der Merwe verder. "Die resultaat hiervan is dat die OG se bevinding 'n weerhouding van ouditmening is. Die munisipaliteit faal volgens die bevinding ook totaal as lopende saak."

In die verslag word voorts bevind dat alle onreëlmatige uitgawes nie in die state vervat is nie - en dat die OG dit prakties onmoontlik bevind het om die korrekte syfer te bereken. Daar is wel 'n bedrag van R97,1 miljoen in die state getoon. Die state toon voorts vrugtelose uitgawes van R35,6 miljoen en ongemagtigde uitgawes van R168,1 miljoen onderskeidelik.

Tydens die raadsvergadering waar die verslag ter tafel gelê was, het Raadslid van der Merwe ernstige kritiek uitgespreek jeens die toestand waarin die munisipaliteit homself bevind. Hy het uitgewys dat die VF Plus verlede jaar reeds 'n Hoë Hofbevel teen Ngwathe bekom het om die Raad te verplig om onreëlmatige-, ongemagtigde- en vrugtelose uitgawes voortspruitend uit die 2017 boekjaar deeglik te laat ondersoek deur 'n wetlik voorgeskrewe proses, sodat persone wat verantwoordelik is vir verliese deur die munisipaliteit gely as gevolg daarvan, aangespreek kan word om die skade te vergoed. "Geen verslag oor die kwessie is tot hede aan die Raad voorgehou nie", en hy het gemaan dat stappe weens minagting van die Hofbevel en selfs 'n verdere aansoek kan volg indien daar nie nou dringend erns gemaak word met die ondersoek van alle sulke uitgawes, insluitend dié in die state van die 2018 jaar uitgewys, nie.

Raadslid van der Merwe het ook aangedring dat Raadslede tot 'n groter mate by bestuursprosesse en -besluite betrek word aangesien dit volgens hom duidelik is dat amptenare op hul eie nie die mas opkom nie. Burgemeester Mochela het sy aandrang ondersteun. Die Openbare Munisipale Rekeningekomitee moet nou die sake deur die OG opgehaal deeglik en omvattend ondersoek en binne 60 dae volledig daaroor aan die Raad verslag doen. "Besluite oor regstellende optrede sal dan geneem word" sê Raadslid van der Merwe.

# Nuwe eiendomswaardasies

## Tree nou op

Die nuwe Ngwathe munisipale waardasierol, wat later vanjaar in werking tree, is nou oop vir aantekening van besware. Die rol word van krag op 1 Julie 2019 en geld dan tot 30 Junie 2024. Indien 'n foutiewe of onredelike waarde dus nou in die rol vervat word, bly die eienaar daaraan gebonde vir die volgende vyf jaar.

Volgens VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe is die rol ter insae beskikbaar by munisipale kantore, biblioteke en op die munisipale webwerf. Eiendomseienaars word aangemoedig om die waardes van hul eiendomme op die rol na te gaan om die billikheid daarvan te beoordeel. Besware teen onaanvaarbare waardes moet op 'n voorgeskrewe vorm (by munisipale kantore beskikbaar) aangeteken word en 'n koste van R231,00 per eiendom is betaalbaar.

"Daar is 'n spertyd tot 30 April 2019 om besware aan te teken, maar eienaars moet liewer so gou as moontlik optree om 'n stormloop in die laaste week van die spertyd te verhoed" versoek Raadslid van der Merwe. Persone wie probleme met die proses ervaar is welkom om hom te kontak by 058 852 2041.

DC FASTENERS
Groothandel in:
-boute
-skroewe
-moere
-wassers
Enige grootte
Enige lengte
Enige hoeveelheid
-silicone (soudal)
-ketting en vele meer!
Vir 'n gratis kwotasie en advies, skakel Francois by
066 293 4826 of e-pos:
dcfasteners@gmail.com

Dr Baan Dental Care
Verskuif na Breë Straat 52 Heilbron
(Voorheen ENGO Kantore & destydse tandarts gebou)
Tel: 058 853 0069
Sel: 065 579 1749
email: baandental@gmail.com
Open Maandag 11 Februarie 2019 om 08:00

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07
NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!
TATA HEILBRON




# Voortrekkers maak 'n verskil









*Hulle hande het Saterdag vir niks verkeerd gestaan nie! Die Heilbron Voortrekkers het vinnig ingespring en Vegkop mooi skoongemaak. Die klippe wat Vechtkop uitwys is weer wit geverf en is nou duidelik sigbaar. Almal het fluks en met goeie gees saamgewerk. Na die harde werk is daar lekker geëet en in die dam geswem.*

Ngwathe MUNICIPALITY

**PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF 2019 -2024 VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given, in terms of Section 49 (1) (a)(i) of the Local Government Municipal Property Rates Act No. 6 of 2004 (hereinafter referred to as the "Act"), that the general valuation roll for the financial years 1 July 2019 to 30 June 2024 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys and on website www.ngwathe.gov.za for the period 01 February 2019 to 30 April 2019, Monday to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas:

| | PARYS | HEILBRON | VREDEFORT | KOPPIES | EDENVILLE |
|---|---|---|---|---|---|
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWN | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office |
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP | Customer Care Office: Tumahole | Customer Care Office: Phiritona | Customer Care Office: Mokwallo | Customer Care Office: Kwakwatsi | Customer Care Office: Ngwathe |
| LIBRARY IN TOWN | Help desk: Parys Library | Help desk: Heilbron Library | Help desk: Vredefort Library | Help desk: Koppies Library | |
| LIBRARY IN THE TOWNSHIP | Help desk: Thusong and Schonkenville Library | Help desk: Phiritona and Sandersville Library | Help desk: Vredeshoop Library | Help desk: Kwakwatsi Library | Help desk: Ngwathe Library |

In terms of Section 49 (1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipality Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from the Valuation Roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all Customer Care Offices during normal office hours upon payment of fee of R 231.00 per objection against Valuation within legislated period which is refundable. The public is hereby notified that all Objections done against Valuation and is after legislated period an amount of R684.00 for 2018/2019 is payable and non-refundable. Thereafter a new rates tariffs for 2019/2020 will be applicable as determined by Council.

The original, correct, completed and signed objection form/s must be returned to or posted to:

Municipal Manager

Ngwathe Local Municipality

Property Valuations

P.O. Box 359
Parys
9585

Alternatively the form/s can be handed in at any Customer Cares Offices. No telephonic, facsimile or e-mail objections will be accepted. Late and incomplete objections will not be considered.

For enquiries lease contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700.

Municipal Manager
B.W KANNEMEYER

# Flieks



Eergister dink ek daaraan: jou fliekmaniere is 'n aanduiding van jou persoonlikheid.

Of nie?

**AS KIND HET EK ELKE HUISGENOOTVERHAAL VERSLIND.** As ek 'n vervolgverhaal se hoofstuk gemis het, kon ek my eie storie opmaak, teen die volgende week was ek weer op datum met die verhaal. In daardie jare was daar nog nie Season 1 en Season 2 en Season 3 van verskillende *series* nie. Die sewe of dertien episodes is noukeurig gekyk, en as jy gelukkig was, kon jy dit op VHS *getape* het.

Dinsdagaande, byvoorbeeld, was dit Dallastyd. Ek het dit nie gemis nie, nie vir 'n hoop sakgeld nie. JR en Sue-Ellen was tuis in ons huis. Ek was stomgeslaan toe Bobby onder die stort wakker word en 'n hele paar episodes is afgeskryf as sy droom.

Maar ek moes elke episode kyk. Andersins het ek my vriende gevra vir 'n *update*.

**EN STEEDS IS DIT SO.**

Ek het my kleintyd mis-'n-episode-geaardheid verloor. Iewers tussen graad 10 en graad 12 het dit gegroet.

Ek moet elke liewe episode kyk om by te bly, behalwe toe die sepies die lig gesien het. Die meer kômmin sepies hoef jy net een keer per week te kyk. Die storie bly dieselfde, dis net die karakters wat so af en toe verander.

Wanneer ek 'n fliek op die TV gekyk het, moes almal stilbly, anders verloor ek die storielyn. Nie net verloor nie, ek loop hom heeltemal mis.

In die DVD-era, was dit baie beter: ek kon vorentoe en agtertoe en dan weer en weer kyk na dele wat ek nie so mooi opgelet het nie.

Deesdae kroek ek baie: as ek fliek op TV kyk, Google ek die fliek en lees solank die storielyn. Net sodat ek kan bybly.

Toe trou ek met 'n man wat heeltemal verskillend fliek kyk in vergelyking met my.

Hy sal in die middel van die fliek begin kyk totdat die fliek klaar is. Later, wanneer hy weer deur die kanale flip, sal hy die eerste deel van die fliek opspoor en dan daardie deel kyk.

O, nee, ek kan nie.

Hy kan tonele uit aksieflieks onthou asof hy dit geskryf het. "Kyk gou hier, kyk hoe rol daai kar!" Ek staar na die skerm en kan nie glo dat hulle sò met karre kan mors nie.

"Luister wat hy nou gaan sê!" Hoe op aarde kan hy dit onthou?

Ek dink dit het iets met persoonlikhede te doen.

**EK IS PRESIES MET BAIE DINGE WAT EK AANPAK.** Ek sal my skoene se binnesole sorgvuldig uithaal en dit mooi in die ander skoene insit. Nadat ek gestort het, sal ek dadelik die klam handdoek oop hang sodat dit nie benoud ruik nie. Ek sal goed wat in die asblik moet kom, daarin gooi as ek daar verbyloop. Wanneer die skottelgoed vuil is, sal ek dit dadelik in die masjien pak. Want as dit klaar is, is dit klaar (het die ou tante gesê toe sy haar hoed opgesit het en in die bad geklim het.) Ter verdediging: ek is nie so netjies soos wat jy nou dink nie. Ek hou net so af en toe van effense orde in my lewe. **EINTLIK VAN BAIE ORDE: JY BEGIN BY A EN EINDIG BY Z. *FINISH* EN KLAAR.**

Ek moet dus van voor af sorguldig na die fliek kyk om net ten minste by te bly met die storielyn. Ek moet konsentreer. En as die einde van die fliek aangebreek het, en ek dit nie verstaan nie, gaan kyk ek weer die laaste paar minute, net om seker te maak.

My ander helfte kan al die skottelgoed opstapel "totdat dit genoeg is sodat ek dit in die masjien kan sit". Hy sal die weggooigoed iewers los, soms langs die koeldrankglas, totdat hy iewers besluit om dit weg te gooi. Hy gooi sy handdoek in 'n hoop oor die stort se deur en sal dit later kom reg hang, wanneer dit hom te veel pla.

Hy sal kriptiese gesprekke voer (ek verstaan dit nou al, ná 'n paar jaar), baie vurige redenasies aanknoop. Wanneer ek nie dadelik verstaan nie, sal ek nog so 'n paar oomblikke luister, en as ek steeds nie verstaan nie, eers dan vra. En gewoonlik moet hy van die begin af verduidelik, want, soos by flieks, wil ek vandat die eerste titels rol, die fliek kyk.

Hy begin in die middel van die storie vertel, soos wat hy in die middel van die fliek begin kyk.

Maklik.

En toe wonder ek oor *fliek-eters*. Daardie ouens wat hulle popcorn kliphard, met 'n oop mond kou. Hulle slurp hulle koeldrank op. Soms kyk hulle wat op hulle selfone aangaan, want as jy weer sien kreun hulle, pluk die selfoon uit en verlig die hele mensdom wanneer die skermliggie aangaan sodat ons almal saam na die boodskap kan kyk.

Ek kan my indink hoedat 'n gesprek met so 'n fliekkyker sou verloop: jy gesels, hy gaan onverstoord aan met sy dagtakies: of dit eet is of kort-kort op sy foon terwyl jy dog hy hang aan jou lippe.

Toe nou nie.

Wanneer jy volgende keer na 'n fliekganger kyk (ek weet Heilbron het nie flieks nie en ek weet dat, as daar fliek is, dit gewoonlik donker binnekant is), let vir so paar minute op na die fliekmaniere.

**MAAK DAN JOU EIE PRENTJIE OM SY PERSOONLIKHEID TE ONTLEED.** Dalk verbaas die mens jou, en word al jou vooropgestelde idees in die water gegooi.

Ek kan ongelukkig nie in die fliek na my mede-fliekgangers sit en kyk nie. Ek kan ook nie idees oor hulle vorm nie.

Want sê nou net ek verloor die draad van hierdie fliek ook? Dan sal ek my selfoon moet uithaal, die fliek Google en met my verligte skerm almal om my pla.

Want dan is ek net soos die res.

En dan is my flieksteorie ook na die maan…

## KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**

**Biddag vir Opvoeding en Onderwys / Sinodale Dankdag (VS)**
**Sondag:** 09:30 Erediens (Jeug)
Deurkol: ENGO / Kategese / Gemeentetee Blok 1

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens (Voorbereiding)
Kol: ARSO Kol: Kinderhuis, R/burg / Katkisasie: Les 4
Diensbeurte: Wyk 4 & 5

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 4

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

## Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***

***Op en Wakker Dienssentrum***
vir Bejaardes Reitz

***Program vir week***
**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

*'n Nuwe jaar, met al sy uitdagings lê voor ons en baie geleenthede gaan op ons lewenspad kom.*

**Maak tyd**

Maak tyd om na Hom te gaan,
Maak tyd in gebed voor Hom te staan,
Maak tyd om met Hom te praat,
Maak tyd om te luister na Sy raad,
Maak tyd vir die swakke in geloof,
Maak tyd om te vertel wat Sy Woord beloof,
Maak tyd vir die wat moeg is en mat,
Maak tyd in geloof om hande te vat,
Maak tyd om by Sy Voete te leer,
Maak tyd om Sy liefde uit te dra,
Maak tyd om vir hul wat na Hom vra. - *Heléne Howell*

God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see.
Psalm 46:1-2

# Fit State Gym open sy deure

Die meeste mense weet al van die spiksplinternuwe *gym* wat in Heilbron geopen het. Fit State het amptelik op 1 Februarie in Wentworth Square geopen, waarna heelwat nuwe lede aangesluit het. Wilanda, eienaar van Fit State noem dat die eerste dag goed gegaan het. Hulle is tevrede met die nuwe inskrywings en ontvang baie goeie terugvoering. “Ons is baie positief oor die nuwe uitdaging.” Daar is splinternuwe toerusting in die *gym* beskikbaar, onder andere die volgende masjiene: *Cable cross, Hammy curl, Leg press, Leg extention* en 'n *Lad pulldown*. Daar is ook gewigte in verskeie vorms vanaf 2,5 kilogram en swaarder. Lede kan daarna uitsien om in 'n lugverkoelde area te oefen.

Fit State is Maandae tot Saterdae oop, 04:30 tot 20:30. Die maandelikse ledegeld beloop R400 per maand en vir skoliere R200 per maand. Daar is ook pakette vir families beskikbaar. 'n Eenmalige aansluitingsfooie van slegs R150 is betaalbaar. Aansoekers moet 'n geldige ID of geboortesertifikaat kan toon met aansluiting sowel as bankbesonderhede en bewys van adres.

Vir enige navrae kan Jacques van Rooyen geskakel word by 076 735 5463 of Wilanda van Rooyen by 073 440 2943. Die gemeenskap word uitgenooi om te kom oefen en dit boonop te geniet! Fiksheid en gesondheid hou nie daar op nie, net in die gang af van Wentworth Square is daar ook 'n Ozone Terapiemasjien by Bio Fitness. Hierdie masjien het baie voordele: dit verwyder virusse, bakterieë en parasiete uit die liggaam, stimuleer die imuunstelsel en bespoedig die herstelproses. Dit verminder ook inflammasie en pyn. Daar is baie ander voordele ook. Goeie resultate is reeds gevind deur die gebruik van Ozone terapiemasjien. Dit is 'n natuurlike proses wat glad nie skadelik vir die liggaam is nie.


*Op die foto: Jacques en Wilanda van Rooyen.*

# Liefde is in die lug by SPAR Heilbron





*Liefde is in die lug en SPAR Heilbron maak gereed vir 'n vuurwarm Valentynsdag. 'n Peuselkroeg is een van die nuwe toevoegings tot SPAR Heilbron. Daar is Slush Puppy, springmielies, wafels, melkskommels, lekkernye, spookasem, tuisgemaakte sjokolade, neutstafies en lekker gebakte soetgoed, als by die peuselkroeg beskibaar. Daar sal ook binnekort 'n gesondheids-afdeling wees vir die minder soettande. Die voorbereiding vir Valentynsdag is nog nie afgehandel nie, gaan loer gerus in op 14 Februarie. Op die foto verskyn: Jimmy en Candice de Villiers-Smith en Heleen Pretorius.*




# Barney en sy maatjie kuier by Kleuterkasteel





*Barney en sy maatjie, Spot het verlede Vrydag al die kleuters van Kleuterkasteel besoek. Die kleuters het opgewonde op die mat gesit en wag vir Barney om sy verskyning te maak. Daar was lekker saam gesing, gedans en drukkies uitgedeel. Die kleuters het dit vreeslik geniet.*

# Hoërskool Driehoek in ons gebede



*Na afloop van die ongelooflike tragiese gebeurtenis by die Hoërskool Driehoek in Vanderbijlpark verlede Vrydag, het baie leerders dwarsoor die land bymekaar gekom om die beseerdes en oorledenes in gebed op te dra. Hoërskool Heilbron se hoofleiers en leerders tesame met AfriForum Jeug het Maandagoggend bymekaar gekom en in gebed getree. "Sonder die driehoek is ons verlore, maar saam is ons sterker", word daar op die Facebook-blad geskryf.*

# Boitumelong Primary School

## - receives school uniforms



*Together with excited learners receiving goods are ms Mokaynae (teacher), mr TS Mofokeng (teacher), mr NP Mosia (principal) and mr T Dhlomo (donor).*

Themba Dlomo and his half brother, Keke, alongside their other four friends decides to come together after contributing part of their salaries to buy and donate a school uniform to 20 needy primary school kids.

The uniform comprises of shoes, socks, trousers/skirts and t-shirts. The first fortunate local primary school to benefit from this project is Boitumelong Primary School that is based in town and under leadership of Neo Mosia. "The idea to start such a useful project was originally mooted by me after seeing one of the students walking barefoot from the school one day while I chilled at the local shops with some of my friends one afternoon", so says the founder and brain behind this project, Themba Dhlomo. "I realized that I have a circle of good friends, and most of whom who are working and we used to waste our money while we could channel it to good use", so says this maintenance clerk in one of the companies in Mpumalanga. "I then decided to approach mr Neo Mosia who is the Primary School headmaster and told him of our intensions. He then assigned kid's sizes, etc.", he rasped. Themba says he knows the principal from his primary school days at the local Bhekilanga school as his former teacher. "He seldom made jokes with us, but on this particular Monday, when these school uniforms got delivered at his school, his face glowed with excitement and he was speechless", he says.

This group of friends say they intend making it a habit to continue going to the needy kids and would also go on a drive to exhort the local community to also get involved in such projects by donating whatever items they feel will help this cause. "We don't ask them to contribute financially, but any item value, be it sanitary pads, jerseys and shoes are gladly welcomed. Even this coming winter, we intend doing some charity work to some other school because we intend making this a revolving and continuous project", he concluded.






# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 2 Febr. | 17 / 25 | 42% kans vir donderbuie |
| So 3 Febr. | 16 / 25 | 58% kans vir donderbuie |
| Ma 4 Febr. | 16 / 28 | 37% kans vir donderbuie |
| Di 5 Febr. | 17 / 28 | 53% kans vir oggendbuie |
| Wo 6 Febr. | 16 / 29 | Warm |
| Do 7 Febr. | 17 / 27 | Sonnig, warm |
| Vr 8 Febr. | 18 / 29 | Sonnig, warm |
| Sa 9 Febr. | 18 / 29 | Sonnig, warm |
| So 10 Febr. | 19 / 31 | Gedeeltelik bewolk, warm |
| Ma 11 Febr. | 19 / 30 | 46% kans vir donderbuie |
| Di 12 Febr. | 19 / 30 | 47% kans vir donderbuie |
| Wo 13 Febr. | 18 / 31 | 29% kans vir donderbuie |

## KENNISGEWING

### BOEDELKENNISGEWING FOURIE A

**In die boedel wyle:** ALETHA FOURIE
**Gebore:** 1934-08-24
**Identiteitsnommer:** 3408240020083
**Boedelnommer:** 009933/2018
**Address:** Besterstraat 14, Petrus Steyn, 9640
**Datum van afsterwe:** 2018-10-30
Krediteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer by the ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 08/02/2019.
**AGENT:**
**VAN ZYL-FOURIE ATTORNEYS**
**POSBUS 109**
**PETRUS STEYN, 9640**
**TEL: 082 455 6840**

### KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING

In die boedel van wyle **GEORGE FREDERICK BOTHMA,** Identiteitsnommer: 480704 5053 083, in die lewe getroud binne gemeenskap van goed met **ELENA ELIZABETH BOTHMA,** Leahystraat 17, Heilbron, 9650, Provinsie Vrystaat.
**Boedelnommer: 11033/2017B**
Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet no 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwidasie-en-Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landdroshof te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.
Indien binne genoemde tydperk geen besware by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & VENNOTE ING.**
**KERKSTRAAT 40**
**POSBUS 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033**

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### W RABIE HERSTEL-DIENSTE

W Rabie Hersteldienste skuif na nuwe perseel, agter die kommando kantore.
Enige herstelwerk aan motors, vragmotors.
**Skakel**
**Wynand 084 250 8060**
**of Raymond 079 582 5066**
**Open 31 Januarie 2019.**
G

### MADELIEF SKOONMAAK-DIENSTE

Professionele stoomskoonmaak van u matte, meubels & motors (bekleedsels & matte) op Heilbron, asook omliggende dorpe en plase.
Slegs kontant.
**Skakel: Madelief**
**082 373 2954 of**
**058 853 0261 Heilbron**
R

*Valentynsdag*
**14 Februarie 2019**

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***




- 26 Maart 2019
- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019

(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).

- 26 November 2019

### NOTICE OF SALE IN EXECUTION IN TERMS OF RULE 41 OF THE MAGISTRATES COURT RULES

In the Magistrate's Court for the district of Kroonstad held at Kroonstad.
**Case No.: FS/KRD/RC567/13(D)**
**In the matter between:**
**LD CILLIERS**
*Execution Creditor*
and
**A CILLIERS**
*Execution Debtor*
In pursuance of a Judgment in the Magistrate's Court for the district of Kroonstad, and by virtue of a Warrant of Execution and Notice of Attachment issued thereon, the goods listed hereunder will be sold by public auction to the highest bidder at: The Office of Sheriff, the Old Mutual Building, 41 Breë Street, Heilbron, 9650 on 1st of March 2019 at 10:00.
Only cash, bank guaranteed cheques accepted.
**LIST OF GOODS:**
**1 x 2014 MAHINDRA LAW - R60 000**
**1 x BEES DUBBELAS SLEEPWA - R15 000**
**1 x VERTOONYSKAS - R10 000**
**1 x VERTOONYSKAS BY SLAGHUIS - R5 000**
**1 x OU SITKAMERSTEL - R1 000**
Approximate Value: R91 000
Dated at Durbanville on this 1st day of February 2019.
**KEMP & ASSOCIATES INC.**
**ATTORNEYS FOR APPLICANT**
**D HERBIG**
**8 CHURCH STREET**
**DURBANVILLE**
**(REF. KGK/DH/W0022671)**
**TO: THE SHERIFF OF THE COURT**
**OLD MUTUAL BUILDING**
**41 BREË STREET**
**HEILBRON, 9650**

## TE KOOP




### TE KOOP GEVRA

Goeie tweedehandse voertuig in goeie toestand.
Prysklas ± R40 000 (Verkieslik Toyota)
**Skakel Moiloa Pule**
**066 120 5164**
moiloapule6874@gmail.com
G

### SKOOL TERMYNE

Skole sluit 15 Maart
Open 2 April
Sluit 14 Junie
Open 9 Julie
Sluit 20 September
Open 1 Oktober
Sluit 4 Desember

### TUPPERWARE

Vir bestellings kontak
**Jolandri**
**079 846 1075**
**Heilbron**
G

### TE KOOP



Vir die eerste keer 'n forskop wat nie lek nie!!
**Kontak Mnr Piet Smith**
**071 611 2144**
R

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieërde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503**

### VERFWERK ONS DOEN DIT

Verf, dak reparasies, huis reparasies, geute, putty. Moeg vir 'n dak wat lek. Ons is dadelik beskikbaar om met werk te begin. Ons waarborg deeglike en professionele diens. 20 Jaar ondervinding.
**Skakel Chris 073 362 4855**
**Emily 073 250 3775 of 067 328 3269**
K1645

### HUIS TE HUUR

3 Slaapkamerhuis te huur in Raubenheimerstraat naby Hoërskool Heilbron.
**Sel: 061 262 4302**
**Heilbron**
K1646

### ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

*Vir die beste transaksies en diens*
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

### *Ons hoor graag van jou*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.
**heraldnuus@heilbron.co.za**

### GROENTE SAAILINGE IN GROOTMAAT!

Probeer ons gerus vir kwaliteit saailinge vir jou aanplantings!
Aflewering beskikbaar.
**Tel: 082 577 0153**
DB




**Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.**

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00

**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
**Faks: 058 853 0140**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

Herald Office National




**HP 121 Kleur**
**HP 88 XL Swart**
**HP 88 XL Cyan**
**HP 88 XL Magenta**
**HP 88 XL Geel**
**Above Cartridge ink - less 10%**




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Open "op 'n verrassende noot"

Met 'n interessante hoed op elkeen se kop het die Heilbron Fynproewersgilde 2019 op 'n verrassende noot afgeskop. Op Vrydag 1 Februarie het die tafels in die Klipkerkie behoorlik gekreun onder al die lekker geregte wat deur die lede van die Fynproewers voorberei is. Die tema van die aand was " Verrassing" en dus het elke lid sy of haar gunsteling gereg voorberei. Niemand het geweet wie watter gereg saambring nie, en tog was daar 'n gebalanseerde en kleurvolle bord kos vir elkeen om te skep. Daar was vleisgeregte soos skaapskenkelpastei, skaapboud, beesfillet in rooiwynsous, beestong en hoenderlewertjies op verskillende maniere berei. Roomspinasie en 'n aartappelgereg het die groente se kant gedek. Slaaie soos tropiese koringslaai, ui-en mosterdring, beetslaai, en gestolde komkommerslaai het kleur verskaf. Natuurlik is die aand met heerlike nageregte afgesluit wat "trifle" en outydse asynpoeding (net soos Ouma s'n), ingesluit het. Wat die aand nog meer spesiaal gemaak het, was die geleentheid om rustig om 'n tafel met 'n heerlike bord kos voor elkeen te gesels en te kuier, en al die nuwe nuus op te vang.



*Paul en Madrie Bergh*



*Driekie en Eugene Flemming*



*Willem en Julia Bester*



*Lizette Roets*




*Jolandri en Ruan Mienie*



*Miemie en Tommie Esterhuyse*



*Christene en Willie Cronje*

# Spur se eerste Pizza Bust



*Buffalo Valley Spur se eerste Pizza Bust het plaasgevind by Star Slaghuis. Belinda Taylor, hoof blokvrou van die slaghuis het hierdie week se pizza ontvang vir al haar harde werk. Sy is al drie jaar werksaam by Star Slaghuis. Wie gaan met volgende week se Pizza Bust wegstap? Moenie vergeet om vir Edna te skakel nie. Op die foto verskyn werkers van Star Slaghuis en mev Elsa Labuschagne wat die pizza aan Belinda oorhandig.*

# NG Suid spog met kerktuin



*Lede van die NG Kerk Suid spog op hul Facebook-blad met al die harde werk en die gevolglik pragtige tuine op die kerkgronde. Op die foto bo kan gesien word hoe dele van die tuin lyk. Almal staan gereed om verder te werk om die tuine mooi te maak. Hoe pragtig sal Heilbron nie lyk as al die tuine so mooi versorg word nie?*

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | | 3 |
| | | 7 | 2 | 6 | | 4 | 8 | |
| 4 | | | 9 | 3 | 5 | | | 6 |
| | 3 | | 4 | 8 | | 2 | | |
| | 4 | 1 | 6 | | 9 | 3 | | |
| | | 6 | | | | 8 | 9 | |
| 5 | 7 | 8 | | 4 | | | | 2 |
| | | | 3 | | | | 7 | |
| 2 | | | | | | | | 5 |

## SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repe-tition in the rows and columns.

# Briewe aan: Die Redakteur

*Die volgende skrywe is ontvang van Helene Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.*

Durban het die swakste motorbestuurders, aldus 'n verslag deur Discovery Vitality, gebaseer op data van Disvocery se versekeringsskema. Die stad se motoriste is meer geneig om vinnig te versnel, skielik te rem, en skerp te draai. Pretoria en Johannesburg is onderskeidelik 2de en 3de. Volgens die verslag het Kaapstad die veiligste bestuurders, gevolg deur Port Elizabeth en Bloemfontein.

Die data toon vroue ouer as 66 is SA se veiligste bestuurders (Bravo)! terwyl mans tussen 18 en 25 die swakste is. (In 'n sekere tydskrif gepubliseer). "Anoniem"

- Ingestuur deur H Howell van Huis Bron-van-Hei Heilbron.

# Geheime van die Vaaldam

## Deel 2

*R. Fourie*

Die verhaal van die Vaaldam het nie net oor familiebande en oorlewing gegaan nie. Dit het onder andere ook oor die moord op kapt. Elliot in Transvaal se 1ste Vryheidsoorlog (1880-81) gehandel. Eugène Marais beskryf hierdie tragiese geskiedenis volledig in sy boek Sketse uit die Lewe van Mens en Dier (Kaapstad: Nas. Pers, 1928). Dit gaan ook oor die Runderpes van 1895, die Anglo-Boereoorlog, en o.a. die Rebellie (1914-15).

Die geskiedenis in hierdie bydrae gaan slegs oor die twee plase Zandfontein en Cyferfontein (onder die menigte ander plase onder die Vaaldam), waar die families Roets en die tweede geslag Grovés en Vosloos en hulle nageslagte gewoon het. En dan word die geskiedenis hoofsaaklik op Zandfontein toegespits.

Cyferfontein is deur Sarah Susanna Roets (getroud met Bernardus Vosloo) geërf en Zandfontein deur Anna Francina Roets (getroud met Roelof Grové). Hulle nageslagte het verder op onderverdelings van die twee plase tot met die voltooiing van die Vaaldam in 1936 gewoon. Van die twee plase het 'n eiland (±40 hektaar) oorgebly – vroeër besit deur die RAU (tans die Johannesburg University).

Victor Edouard d'Assonville (reeds in deel 1 genoem), was die eggenoot van Martha Catharina Grové (sy 2de vrou, die jonger suster van Kobie, sy eerste vrou). Kobie is saam met hulle twee seuntjies in Oktober 1901 in die konsentrasiekamp van Heilbron oorlede. Martha se erfdeel, was 'n onderdeel met die ou opstal met die naam Oase, wat vandag 'n deel van die eiland is. Martha se graf kan vandag nog op die eiland gesien word. Haar man, Victor, is op 17 Februarie 1875 op die plaas Assegaaibosch, distrik Humansdorp, gebore Hy was die seun van Henri Emile d'Assonville en Aletta Frederika Terblanche.

Met die Runderpes in Tansvaal in 1896, toe die driwwe van die Vaalrivier bewaak moes word, word Victor d'Assonville op 21-jarige leeftyd 'n inspekteur van die grenswagte tussen Viljoensdrif (regoor Vereeniging) aan die Vrystaatse kant van die Vaal tot by die Wilgerivier se invloei in die suidpunt van Zandfontein - 'n afstand van ± 50 km. Só het hy met al die plase met driwwe in hierdie gebied se mense kennis gemaak. En dus het hy ook by die Grovégesin van Zandfontein gekom. Dáár het hy die tweede oudste dogter Jacoba Dorothea Christina (Kobie) ontmoet, met wie hy op 8 Desember 1897 getroud is. Toe het hulle op Frankfort gaan woon waar Victor die bestuurder van die Algenene Handelaarswinkel van De Kok & Zonen was.

In Oktober 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek. Dit was vir die D'Assonvillllegesin uiters rampspoedig - die vader in 'n bajonetgeveg teen die Engelse swaar gewond en die moeder (Kobie) met haar twee seuntjies (die jongste 'n baba) binne 11 dae in die konsentrasiekamp op Heilbron dood (hulle grafte is vandag nog daar). Victor, die swaargewonde het sy hele gesin binne enkele dae in Oktober 1901 verloor! Vóór hierdie tragedie het hy nog aan die veldslae Colenso en Spioenkop deelgeneem en onder andere by Chieveley as tolk by die gevangeneming van Winston Churchill opgetree. Sy bajonetwond het egter erg onsteek sodat die Boerebevelvoerder hom weer na Frankfort teruggestuur het. Die De Kok-besigheid is egter saam met die hele dorp Frankfort afgebrand en Victor was verder in haglike Britse tronke in Heilbron en Bloemfontein totdat hy in 1902 na Norvalspont se konsentrasiekamp gestuur is om dáár op die "Black list of Irreconcilables" gevange gehou is (vgl. Op die bodem van die Vaaldam, p. 73).

Ná die oorlog is die wewenaar D'Assonville met Martha Grové in Februarie 1904 getroud. Hulle het 5 kinders gehad: Anna Francina (geb. 29/12/1904 – oorlede 1985), Roelof Grové (geb. 1907 - oorlede 1939), Aletta Gertruida (geb. 1913 - oorlede 1923 en begrawe in Heilbron), Jacoba Dorothea Christina (geb. 1916 - oorlede 2012) en Victor Edouard (geb.1927 -).

Vanaf 1920 woon die D'Assonville-gesin permanent op Martha se erfgrond Oase. Daar bou Victor eiehandig 'n woning van granietklippe wat hyself in die Bloubosbank (vandag onder water) gedelf en reggekap het. Ongelukkig is hierdie sierlike klipgebou deur die RAU gesloop – historiese argitektuur vir altyd verlore.

In 1925 het die oudste suster, Anna d'Assonville, 'n onderwyseres by 'n skool oorkant die Vaalrivier op die plaas Vaalbank (eienaar Daan Kloppers) geword. Kona, 2de jongste van die gesin met ander kinders van 'n buurplaas, moes toe daagliks met Anna, die onderwyseres, oor die Vaalrivier heen en terug vervoer word. Daarvoor het Victor d'Assonville 'n uitstekende roeiboot vir 6 mense gebou wat tot 1936 (bou van Vaaldam) gebruik is, Interessant is dit om te weet dat die plaas Vaalbank waar die skool was, ten noorde van die Vaaldam se wal, geleë is.

In 1929 skryf Victor d'Assonville onder die skuilnaam Viedas die speudersroman Jean de Ville, gepubliseer deur JL van Schaik, Pretoria. Oor hierdie boek het Eugène Marais 'n goeie resensie geskryf. In die boek kan 'n mens iets meer oor Zandfontein onder die naam Mooifontein te wete kom. Victor skryf ook 'n reeks artikels met die titel, My ervarings as 'n rebel 1914-15, in 'n Kaapse koerant.

1933 was die jaar van groot droogte en al die boere het swaargekry, ook op die plase aan die Vaalrivier. Maar in Desembermaand het 'n uitsonderlike, byna sensasionele ding, op Oase gebeur, juis op die plek waar vandag 'n eiland in die Vaaldam is: Die oudste seun, Roelof Grové d'Assonville, wat destyds 'n onderwyser in SWA (vandag Namibië) was, het met 'n 1931-Chevrolet motor aldaar aangekom. Die opspraak was dat hy die motor só verander het, dat dit met houtskoolgas in plaas van petrol geloop het - 'n sensasie waaroor die mense selfs in Heilbron gepraat het. Van daardie "gasmotor" se onderdele is vandag nog in besit van die hoog-bejaarde prof. VE d'Assonville (tans woonagtig in Pretoria).

Merkwaardig was ook die lewe van "ou Sjieling", die Mosambiekse plaaswerker. Vir meer as drie dekades was hy in diens van die Grovés en D'Assonvilles. Iemand meer getrou en lojaal as hierdie man kan nie gevind word nie. Weens sy taal en ander kultuur het die ander Sotho-werkers hom nooit in hulle gemeenskap aanvaar nie. Sy sterwe as 'n ou man in 'n buitekamer op Oase was aangrypend toe Martha d'Assonville en haar dogter Anna, hom tot op die einde liefderyk versorg het, Sjieling is dan ook plegtig in die familiebegraafplaas begrawe.

Hierdie begraafplaas, deur 'n vooraf besluit van die grotere Grové-familie, is met al die gafte steeds onder die Vaaldam se water. Die familie se sleutel-Bybelteks vir die besluit om die grafte daar te laat, was in Nederlands in Openbaring 20:13: "En de zee (bedoelende ook die Vaaldam) gaf de dooden, die in haar waren ...". Hendrik Adriaan Grové, oudste broer van Martha d'Assonville, het in 1934 die godsdiensoefening waargeneem waartydens hierdie besluit bevestig is. Die kopstukke van Roelof Grové en sy eggenote Anna Francina (gebore Roets) se grafte is later (tydens 'n droogte), sonder dat die familie geraadpleeg is, deur iemand van die RAU op die eiland geplaas.

'n "In Memoriam" in Die Kerkblad na Roelof Grové (Martha d'Assonville se vader) se afsterwe in 1920, bring groot hulde aan hom. Meer as 40 jaar het hy Zandfontein bewerk en aan sy nageslagte 'n ryk geestelike erfenis nagelaat. Hy was onder moeilike omstandighede en 'n ver afstand 'n ywerige kerkman van die Gereformeerde Kerk Frankfort en het as Christen 'n besonder mooi voorbeeld gegee. Interessant is dit om te weet dat die huisdokter, die bekende digter AG Visser van Heidelberg was, wat gereeld met 'n roeiboot oor die Vaalrivier gebring is.

Die plaas Oase, saam met ander, is in 1934, na Martha se sterwe, deur die staat onteien om die Vaaldam te bou. Omdat dit in die depressie was, was die staat se vergoeding uiters min - slegs 2 pond 10 sjielings per morg. Martha is op eie versoek naby die opstal en nie in die familiebegraafplaas nie, begrawe. Daarom is haar graf tot vandag die enigste wat nog op die eiland besigtig kan word.

*Met erkenning aan professor VE d'Assonville (Victor d'Assonville II) vir die kontrolering van feite.*



*Op die foto kan Dr. Marthinus Herman, mev. Kona van der Walt (gebore d'Assonville) en ook mev. Therese en professor Victor d'Assonville gesien word. (Heel Links) - Foto erkennning Quarta Pretorius.*



*Foto erkenning: VE d'Assonville*
*Roelof & Anna Francina (Roets) Grovè met van hulle kinders.*



*Henry Emil d'Assonville (2 jaar oud) se graf.*



*Jacoba d'Assonville se graf in die konsentrasiekamp.*



*Roelof d'Assonville, 10 maande se graf.*

Herald Sport

# Willie kry sy HBA mug

Willie Pretorius het seker gemaak dat die HBA monthly mug op sy trofee rak staan met skitterspel verlede Saterdag op Heilbron. Hy wen die dag met 'n 69 netto. Industrial Commodity Holdings van Johannesburg hou volgende Vrydag hulle kliënte dag op Heilbron en sal daar sowat 40 spelers hier kom speel. Die volgende Saterdag kom die Sundowners hierheen vir hulle jaarlikse Heilbron uitstappie.

Na aanleiding van verlede week se statistiek oor bane, het Gerrie Muller gaan ondersoek instel waar Heilbron lê rakende die baan se moeilikheidsgraad, gemeet aan ander Vrystaat bane. Gerrie sê dat Heilbron, naas Herron Banks, die moeilikste baan in die Vrystaat is. "Dit bevestig die appèl dat ons baan nie reg gegradeer is nie". Hulle wag nog vir die terugvoer van HNA wat dit sou herbereken.

Die klub sal môre toe wees as gevolg van die Vegkop rally. Die gholfklub hanteer die kroeg daar vir ekstra fondse en gevolglik is al die personeel betrokke daar.

Ledegelde is betaalbaar voor die einde van die maand.



*Op die foto vl: Jackie Leonard en Willie Pretorius.*






JAARPROGRAM : 2019
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 16 FEBRUARIE | PRETSKIET | 09:00 |
| 23 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 9 MAART | GEWEER INSTEL EN LANG AFSTANDSKIET VIR JAG SEISOEN | 09:00 |
| 16 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 25-28 APRIL | HUNTEX | |
| 25 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 1 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 27 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 24 AUGUSTUS | BOSVELD OEFENING | 09:00 |
| 14 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 23 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |


BESIGHEIDSURE

MAANDAE TOT DONDERDAE
07:30 tot 17:00
VRYDAE - 07:30 tot 16:30
SATERDAE - 08:30 tot 13:00

*Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.*

Elsstraat 44 • Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033

Herald Office National


## Huis- en Tuinbouklub

MAANDVERGADERING DATUMS

20 Februarie 2019
13 Maart 2019
24 April 2019
22 Mei 2019
12 Junie 2019
21 Augustus 2019
18 September 2019
23 Oktober 2019
13 November 2019

# Polisiebrokkies

Goeie suksesse is die afgelope week deur die Heilbron Polisie behaal. Arrestasies is gemaak onderskeidelik vir huisinbrake, diefstal, gesteelde eiendomme en meer.

Heilbron polisie is besonders dankbaar vir die gemeenskap en publiek wat die nodige inligting deurgee, wat hierdie arrestasies moontlik kon maak.


BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 12 FEBRUARIE 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 13 FEBRUARIE 2019

BOTHAVILLE : MAJOBE MERINO'S
210 Merino's
11:00, Plaas Vlaklaagte, Bothaville
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VOLKSRUST : OLAF VAN DER WESTHUIZEN
Algehele uitverkoping van 898 Merino skape
& 199 Rooi boerbeeste en Simbra-kruis koeie
11:00, Plaas Bronkhorstfontein, Volksrust
Kontak MJ Lourens 072 515 3549

DONDERDAG - 14 FEBRUARIE 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYDAG - 15 FEBRUARIE 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

BKB LOUWID